

Gereformeerde Kerk Bellville – 30 September 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 10-1:3, 4 (Sb 28)

- 3 Gee ons – want ons gebrek is groot – / vandag ons daelikse brood.
Bewys ons tog barmhartigheid / en skeld ons, Heer, ons skulde kwyt,
soos ons, in skuldvergiffenis, / vir hul wat aan ons skuldig is.
- 4 Lei ons nie in die donker land, / die wêreld van versoeking, want
ons is so swak. Verlos ons van / die Bose^oas hy sy vangnet span.
Want U kom toe die majesteit / en krag en eer in ewigheid.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 105:1, 2 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy dae in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.
- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.

Gebed

Psalm 104:1, 8, 9 (p. 510)

- 1 Waak op, my siel, en loof die HEER! / My God, U is uitnemend seer
verhewe in u majesteit, / U is bekleed met heerlijkheid:
- 8 Uit boonste kamers ruis Gods reen, / die berge^oen aarde drink 'n seen;
en gras skiet vier die veedier uit, / en vir die mens ontluik die kruid:
- 9 die brood wat hom sy kragte voed, / die wyn wat hom sy smart versoet,
die olie wat sy aangesig, / deur leed verdof, met vreug verlig.

Skriflesing: Matteus 6:1-18

Kernverse: Matteus 6:11-13

Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen.

(Matteus 6:11-13 AFR53)

Tema: Ons hemelse Vader wil ons nood en behoeftes hoor

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer Jesus ons leer om te bid, leer Hy ons 'n gebed wat regtig aan God se standaard vir gebed voldoen. In so 'n gebed geniet die belange van ons hemelse Vader voorrang. Hy is immers ons almagtig God en ewige Koning. En boonop is Hy ook ons liefdevolle Vader. Daarom kan ons gelowiges nie anders nie as om met ywer vir die eer van die Here te brand.

Jesus vergeet egter nie van die mens se behoeftes en nood nie. Hy wat self God is, weet dat die kinders van die Here persoonlike behoeftes het waarin net hulle hemelse Vader hulle kan help. Slegs God kan aan hierdie nood beantwoord, sodat hulle in staat kan wees om God nog verder in hulle lewe te eer en respekteer. Wanneer Jesus ons dan geleer het om ons brandende ywer vir die eer van God te verwoord, leer Hy ons ook om ons nederige afhanklikheid van God se genade teenoor Hom uit te spreek.

Ons nood en alles waaraan ons behoefte het, is nie onbelangrik vir ons hemelse Vader nie, al het ons nood maar net die tweede plek in ons gebede. Wanneer ons regtig weet wie God is tot wie ons bid, naamlik ons hemelse Vader en groot Koning, raak ons nood nie sommer maar net so weg omdat ons Hom aanbid nie. Aanbidding van God is nie 'n towerstaf wat jou en my persoonlike nood en behoeftes skielik laat verdwyn nie. Die Here wil dit nie so doen nie. Daarom mag ons ook nooit ophou om vir God te sê van ons nood en dit wat ons nodig het nie.

Om egter heeltemal stil te bly oor jou nood en dit nooit in gebed vir die Here te noem nie, is net so 'n groot sonde as om jou hele gebed net aan jou nood te wy. Ons weet mos nou al dat God en sy belange eerste aan die orde kom in ons gebed. Daarom gaan ons daaraan werk dat ons gebede nie weer soos inkopielysies klink nie. Maar nou is daar mense wat redeneer dat hulle God nie met hulle ou probleempies kan lastig val nie.

Agter so 'n redenasie lê daar een van twee foute. Óf die mense dink dat God so besig is om die hele skepping te regeer dat hulle Hom eintlik gaan hinder en irriteer met hulle nood. Maar ons God is alomteenwoordig en almagtig. Hy is nie te besig om na ons te luister nie en Hy raak nie geïrriteerd met sy kind se smeekstem nie, want Hy is ons Vader. Die ander fout wat hierdie mense kan maak, is om te dink hulle sal maar self aan hulle nood aandag gee, so asof God nie reg daaraan sal laat geskied nie. Maar dan betwyfel 'n mens weer die almag en liefde van jou hemelse Vader. Om nie in een van hierdie slaggate te trap nie, leer Jesus ons juis om ons persoonlike nood en behoeftes in gebed na God ons hemelse Vader te bring.

Aangesien God ons Vader in die hemel is en omdat Hy sy kinders volmaak liefhet, is Hy begaan oor die totale welstand van sy kinders. Hy wil nie net hê dat hulle Hom in gebed sal loof en prys nie. Hy wil ook hê dat hulle hul nood met vertroue na Hom sal bring. Hy wil hoor dat sy kinders Hom sal vra vir hulle kos, vergifnis en verlossing of bewaring. Kom ons luister nou hoe ons hierdie nood van ons teenoor God kan uitspreek sodat dit aan God se standaard vir gebed kan voldoen.

Broers, susters en kinders, Jesus begin sommer dadelik met ons liggaamlike behoeftes. **Gee ons vandag ons daaglikse brood.** Eie aan die aard van die Here se woorde verwys brood nie net na gewone brood nie. Net soos die vyfde gebod nie bedoel dat ons net aan ons eie ouers eer moet betoon nie, maar aan almal wat die Here oor ons aanstel; so verwys brood na baie meer as net na gewone brood. Brood in hierdie gebed verwys na alles wat ons nodig het om ons aardse lewe voort te sit. Dit beteken dat ons met hierdie paar woordjies vra vir kos, klere, huisvesting, werk, gesondheid, 'n goeie en verantwoordelike regering.

Ons het immers werk nodig sodat ons 'n inkomste kan hê om kos en klere en huisvesting te bekostig. Ons het gesondheid nodig sodat ons kan werk. Ons vra vir vervoer sodat ons by die werk kan kom. Ons het huisvesting nodig sodat ons gesond kan bly sover dit vir ons moontlik is. Maar om al hierdie dinge te hê, is dit ook nodig dat daar 'n regering is wat wet

en orde kan handhaaf, sodat ons in vrede ons werk kan doen. Dus bid ons met die woord *brood* ook vir die regering wat die Here oor ons aangestel het.

Sien u hoe ryk is die woorde wat die Here ons leer om te bid. En Hy leer ons hierdie nood voor God uitspreek, want Hy weet ook ons het al hierdie dinge nodig nie net om te lewe nie, maar ons het dit ook nodig om aan te hou doen waarvoor ons in die eerste deel van die *Onse Vader* gebid het. As Jesus ons leer om vir ons daaglikse brood te bid, leer Hy ons om te vra vir wat ons regtig nodig het. In gebed vra ons vir die Here dat Hy sal gee wat noodsaaklik is en ons vra nie vir luukshede nie. Ons het nie luukshede nodig om te lewe of die Here te dien nie. As die Here wil hê dat ons luukshede moet hê omdat Hy weet ons kan dit reg gebruik, sal Hy dit gee. Anders moet ons sonder luukshede in die lewe klaarkom en tevrede wees met die brood wat ons vir vandag gekry het soos ons Vader dit in sy volmaakte wysheid aan ons gee.

Dit bring ons by 'n volgende saak oor die daaglikse brood waarvoor ons bid. Jesus leer ons nie om 'n voorraad vir 'n jaar by die Vader in een gebed te vra nie. Hy leer ons om net vandag se brood by die Here te vra. Daarmee maak Hy dit duidelik dat die Vader wat in die hemel is elke dag ons stem wil hoor. Deur elke dag ons behoeftes vir daardie dag van God af te smee, gee ons uitdrukking aan ons afhanklikheid van God. Ons kan nie sonder die ver-sorgende hand van ons hemelse Vader lewe nie.

Net soos wat ons elke dag brood nodig het vir 'n gesonde liggaam het ons vergifnis nodig vir 'n gesonde siel. Daarom leer Jesus ons om ook vir vergifnis by ons God te smee. Indien daar sondeskuld in ons lewe is waarvoor ons nog nie berou het nie en nog nie voor God bely en gesmee het om ons te vergewe nie, sal ons verhouding met ons Vader nie gesond wees nie. Hierdie sondeskuld sal 'n hindernis in ons gemeenskap met ons hemelse Vader wees.

Omdat ons weet dat ons hemelse Vader regverdig is en dat sy Woord waar is, weet ons ook dat sondeskuld nie ongestraf sal bly nie. Maar omdat ons ons hemelse Vader ook ken as die barmhartige en genadige God weet ons dat ons ook ons skuld teenoor Hom kan bely. Hy sal nie 'n verslae hart en neergeboë gees verwerp nie. Hy wil juis hê dat sy kinders teen-oor Hom moet erken dat hulle Hom hartseer gemaak het met hulle sonde.

Maar wanneer is ons hart verslae en ons gees neergeboë oor ons sonde? Geliefdes, dit gebeur wanneer ons nie maar net bid "Here, vergewe ons ons sonde" nie. Om regtig skaam te word voor God oor jou sonde, is dit nodig om jou sonde op die naam te noem. Dit beteken dat ek en jy, wanneer die Heilige Gees jou bewus gemaak het van wat jy verkeerd gedoen het, in duidelike woorde vir die Here ook sal sê wat jy verkeerd gedoen het. So 'n belydenis van 'n mens se sonde veroorsaak dat 'n mens hartgrondig berou sal hê. Dan is 'n mens se hart verslae en jou gees neergeboë.

Wanneer sonde so bely word, word dit verseker deur God vergewe. Hy neem die vonnis weg en laat vaar alle aanklagte teen sy kind op grond van die kruisdood van sy Seun. Jesus Christus het immers vir die gelowiges se sondes aan die kruis gesterf en Hy het uit die dood opgestaan. Daarom kan die Vader die vonnis oor gelowiges se sondes wegneem en die aanklagte teen hulle laat vaar.

Nou leer Jesus ons egter nie net om vergifnis vir onself by God te smee nie. Hy leer ons om so te vra: **vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe**. En in vers 14 en 15 gee Hy nog 'n verdere uitbreiding daarop. As die Here ons so leer bid, beteken dit nie dat God ons moet vergewe omdat ons ander mense vergewe nie. Ons

verdien nie God se vergifnis met ons eie vergewensgesindheid nie. Met hierdie woorde leer Jesus ons eerder dat God mense met 'n opregte berou vergewe. Die gewilligheid en bereidheid in die gelowige om ander mense te vergewe, is teken van opregte berou.

Eers wanneer ons besef vir watter enorme skuld God ons vergewe het, word ander mense se sondes teenoor ons nietighede. Maar as ons ander mense se sondes teenoor ons buite verhouding opblaas, het ons van ons eie skuld teenoor God vergeet. As ons God dan om vergifnis smeek, moet ons seker maak dat die tekens van berou daar is, anders is ons gebed ook maar net betekenislose woorde wat nie uit ons hart gebore is nie.

Die gelowige wie se sondes van die verlede vergewe is, sal ook begeer om van die toekomstige oorheersing van die mag van die sonde verlos te wees. Daarom leer Jesus ons ook om te bid: **lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose**. Die algemene betekenis van hierdie woorde is aan ons bekend. Maar tog word gelowiges soms met twee probleme oor hierdie woorde gekonfronteer.

Eerstens, ons weet dat God ons nie versoek nie. Ons lees dit in die Bybel. Waarom vra ons God dan vir iets wat Hy self sê dat Hy dit nie sal doen nie? In antwoord op hierdie probleem moet ons in die eerste plek nie die woorde van ons Here Jesus opbreek nie. Ons moet die hele sin beskou. Dit is immers die Bose, 'n ander naam vir die duivel, wat God se kinders versoek om sonde te doen. As ons dan hierdie woorde bid wat Jesus ons leer, vra ons eintlik dat ons hemelse Vader ons van die duivel se mag en invloed sal beskerm en red.

Die tweede probleem waarmee ons gekonfronteer word, is dit: Ons weet ook uit die Bybel dat dit vir ons geloof goed is om soms swaar te kry. Deur swaarkry word ons geloof getoets en gesuiwer sodat ons op God alleen sal vertrou. Waarom moet ons dan nou vra dat God iets van ons sal afweer wat juis vir ons geloof goed is? In antwoord op hierdie probleem moet ons sê: Ons bid nie dat God die lewe so seepglad sal maak dat daar nooit versoekings op ons pad kom nie. Ons bid eerder dat die Here aan ons die krag en vermoë sal gee sodat ons die versoekings sal kan oorwin.

Jesus leer ons so bid, want Hy weet dat die gelowige nie self opgewasse is teen die duivel se mag nie. Ons weet dat ons nie eers teen die wêreld en ons eie sondige natuur opgewasse is nie. Selfs ons eie sondige geaardheid is soms so sterk dat ons maklik prooi word daarvan. Daarom leer Jesus ons bid dat God aan ons die krag en leiding sal verleen sodat ons die versoekings kan oorwin en nie daaraan toegee nie en so ons Vader in die hemel beroof van sy eer nie.

Met hierdie drie kort sinnetjies wat Jesus ons leer om ons eie nood te verwoord, word al ons nood saamgevat. Ons vra vir al ons stoflike behoeftes (ons daaglikse brood), ons het vir ons geestelik nood gebed (vergifnis van ons sondes) en ons het God se bystand gevra om hoë morele waardes te behou (verlossing van die Bose). Met hierdie eenvoudige woorde het ons ons afhanklikheid van God op elke terrein van ons lewe uitgespreek. Maar meer as dit nog, in hierdie drie sinnetjies het ons die Drie-enige God aangeroep. Dit is immers omdat ons weet dat die Vader alles geskep het en dit steeds onderhou dat ons ons daaglikse brood by Hom vra. Dit is omdat ons weet dat Jesus Christus vir sondaars aan die kruis gesterf het dat ons by die Vader om vergifnis kan smeek. En dit is omdat ons weet dat Jesus sy Gees in ons laat woon en werk dat ons vra vir krag en leiding om staande te bly teen die duivel en ons ander vyande se aanslae.

Broers, susters en kinders, ons kan met vertroue ons nood uitroep tot die ore van ons Vader wat in die hemel is. En ons kan dit met hierdie eenvoudige woorde doen soos wat Jesus ons geleer het. Ons weet immers dat ons nood en behoeftes nie vir God onbelangrik is nie. Ons pla Hom ook nie met ons vrae nie. Hy wil hê dat ons vir Hom sal sê wat ons kommer is en waaroor ons besorg is. Hy is die Vader wat ons wil gee wat ons nodig. Hy is die Vader wat sy kinders liefhet en almagtig is. En wat Hy wil gee omdat Hy ons liefhet, kan Hy ook gee, want Hy is ons Vader wat in die hemel is.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 103:1, 7 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.

- 7 Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë, / sy kind aanskou met teerder mededoë
as Isr'els HEER die wat Hom eer en vrees. / Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,
hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte, / en dat ons stof van jongs af is gewees.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
30 September 2018